Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 20

12 Junie 2017

Geagte Ouers

MNR HAASBROEK
Dit gaan goed met mnr Haasbroek. Hy is tans besig om tuis aan te sterk. Hy gaan ongelukkig nie by die skool wees vir die res van die kwartaal nie. Meneer sal dan weer terug wees as die skool begin vir die derde kwartaal. 'n Hartlike woord van dank vir alle gebede en ondersteunende boodskappe wat reeds ontvang is. Hy waardeer dit ongelooflik baie.

EKSAMEN JUNIE 2017
Die leerders sal vanaf Maandag, 12 Junie 2017 om 13:00 mag huis toe gaan. Die eksamen duur tot Donderdag, 22 Junie 2017. Die laaste week, voordat die skool op Vrydag, 30 Junie 2017 sluit gaan die skooldag normaal voort. Geen leerders mag vroeër afgehaal word nie.

NETBAL
Baie geluk aan die O/12 dogters met hulle goeie uitslae tydens die uitspeelwedstryde. Hulle het Laerskool Villieria se naam hoog gehou. Hulle eindig 5de van al die skole wat deelgeneem het.

SAGTEBAL
Oefening vind hierdie week plaas op **Dinsdag, 13 Junie 2017 en Woensdag, 14 Junie 2017** gedurende skooltyd (12:00 tot 13:30) en sal dus nie inmeng met leertyd in die middag nie.

MINI-SAGTEBAL
Oefening vir **Graad 2 en Graad 3 dogters** begin volgende week op **Dinsdag, 20 Junie 2017 en weer Donderdag, 22 Junie 2017** gedurende eksamentyd. 'n Brief met verdere reëlings sal in die verband nog uitgedeel word.

KRIEKET
Dit is weer tyd om die kriekettoerusting nader te trek en af te stof. Proewe sal die week plaasvind. Ons het dit goed gedink om gedurende skooltyd die proewe af te handel a.g.v. die eksamen wat volstoom besig is.

Oefentye vir hierdie week - Dinsdag, 13 Junie 2017, Woensdag, 14 Junie 2017 en Donderdag, 15 Junie 2017
Aangesien die O/9 seuns nie eksamen skryf nie, oefen hulle Dinsdag en Woensdag vanaf 13:30 tot 15:30.
O/10, O/11 en O/12 - Dinsdag en Woensdag tussen pouses.
O/13 - Woensdag en Donderdag tussen pouses.

REVUE
Daar is geen oefening die res van die eksamentyd vir beide groepe nie. Daar is slegs twee oefeninge oor vir die kwartaal. Woensdag, 21 Junie 2017 sal daar oefening wees. Op Saterdag, 24 Junie 2017 sal daar ‘n ekstra oefening vanaf 08:00 tot 10:30 wees. Dit sal die laaste oefening vir die kwartaal wees.

PLASTIESE SAKKE
Dankie aan almal wat deelgeneem het aan die projek. Ons versoek dat alle vorms eerskomende **Donderdag,15 Junie 2017** ingehandig word. Dit is ook die laaste dag dat geld wat inbetaal is, in ag geneem gaan word vir die pryse. Sodra die volgende besending afgelaai word, sal ons laat weet wanneer die volgende afhaaldatum en tyd is.

FOTO’S
Ons vra asseblief dat alle rugby- en netbalfoto’s se bestelling en betaling voor of op Woensdag, 21 Junie 2017 by die onderskeie afrigters, afgehandel sal word.

ENTREPRENEURS
Woensdag, 14 Junie 2017 kry die Juniorafdeling weer geleentheid om hul goedere te verkoop.

VILLIES DAGBOEK 2018
Ons leederstudiegids vir 2018 word deur Zeroplus drukkers voorberei. Indien u ‘n advertensie in die boekie wil laat plaas, kan u vir Zoe kontak by 079 407 5863 of zoe@zeroplus.co.za
Pryse is soos volg:

A5	Voorbinneblad	R4 000-
A5	Agterblad	R4 000-
A5	Agterbinneblad	R3 000-
A5	210mm x 148mm	R1 690-
A6	105mm x 148mm	R 800-
	70mm x 148mm	R 600-
	70mm x 70mm	R 280-

BEDANKING VAN PERSONEEL
- **Me A Annandale** - dit is met groot hartseer dat ons moet aankondig dat Me Annandale ons aan die einde van hierdie kwartaal gaan verlaat. Haar man het ‘n betrekking in Australië aanvaar en hulle verhuis daarheen. Dankie vir al jou harde werk en bemoeienis met die leerders. Jy het vinnig deel geword van die Villieria-familie en ons gaan jou verseker mis.
- **Me A Oberholzer** - Laerskool Lynnwood, haar vorige skool het vir haar ‘n aanbod gemaak wat sy aanvaar het. Sy begin dan weer volgende kwartaal by haar vorige skool. Dankie vir u harde werk.

PENNESAKKIE/KOMBERSPROJEK
Ons herinner belangstellende ouers en leerders aan ons pennesakkie/kombersprojek. Die organiseerders het die sluitingsdatum uitgestel na 28 Junie 2017. Alle donasies moet asseblief by me Otten ingehandig word.

Vriendelike groete

_____
A J GROBLER
ADJUNKHOOF

Pennesakkie en Kombers Projek

Soos verlede jaar, gaan daar weer in samewerking met die Villieria Polisiestasie, pennesakkies/blikkies met bruikbare skryfbehoeftes asook kombersies (kniekombersies) vir 'n minderbevooregte skool geskenk word.

Geen van hierdie skryfbehoeftes of komberse gaan huistoe nie, maar gaan in die klaskamers gebruik word.

Kom ons maak almal ons kaste leeg waar ongebruikte skryfbehoeftes rondlê en stuur dit saam met u kind na juf. Otten.

Vra asb. ook vir vriende of familie wat nie kinders in ons skool het, om deel te neem.

Die projek eindig
22 Junie 2017